# 2 Oktober 2023 - Lesing 142 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Waar kom die bose vandaan? **–** 10/6/60

**NO: 7618b** Dit kan egter nie ontken word dat die mens die bose in homself het nie, want hy bevind homself nog lank nie in die regmatige orde nie, hy staan nog "buite My" en moet eers weer self in die ordening van die ewigheid ingaan - om dan as "volmaak" - ook al die bose van homself afgestoot het, om 'n goddelike wese te wees; My ewebeeld!

Dit kan egter nie gesê word dat daar by die geboorte van die mens, die bose vanaf My in hom geplaas word nie, want dit is nie volgens die waarheid nie.

Inteendeel: Die siel, wat nou die menslike liggaam bewoon, is 'n samevoeging van onvolmaakte deeltjies wat hulself nog nie almal in die regmatige ordening bevind nie en eers gedurende die aardse lewe hierdie ordening moet ingaan. **Die siel bevind haarself nog ver van My as sy die beliggaming as mens aanvaar** en sy moet haarself met My verenig. Die vrye wil moet weer die volmaaktheid, wat die oergees eens besit het, nastreef, hy moet homself van alle negatiewe gedagtes vrymaak.

En so sal ook die mens slegs positiewe gedagtes in homself laat opkom, hoe meer hy daarna strewe om na My toe te gaan om homself met My verenig. Dan dring hy al die bose uit homself, hy probeer die ordening tot stand te bring, hy vind in alles die korrekte maat: Hy is weer goed, soos wat hy was in die allereerste begin. Die bose is slegs buite die goddelike: **Dit is die weerspannigheid teen God.**

Ek kan egter nie teen Myself weerspannig wees nie. **My Oerwese is Liefde**. Ek kan altyd net gee en gelukkig maak. Ek kan egter nie die wese dwing om aan te neem wat Ek hom skenk nie. Hy moet ook kan afwys, **omdat hy 'n vrye wil het**. Sodra hy egter My Liefde afwys, verset hy homself teen My Liefde en plaas hy homself buite die stroomkring van My Liefde.

Dan word die positiewe in die negatiewe verander en die wese gaan nou die toestand binne waarin hy verkeerd gaan dink en wil en verwyder homself steeds vêrder van My.

Die terugvoeringproses verklein die groot verwydering slegs langsaam. Maar solank die wese nog nie die laaste toenadering tot My gesoek en gevind het nie, is daar ook nog verkeerde gedagtes in hom, **omdat hy teen My gerig is,** - dat dit dus sleg is en gedurende die menswees in die teendeel verander moet word.

En wanneer die mens die vereniging met My soek in vrye wil, dan verweer hy homself teen elke verkeerde gedagte. Hy soek en wil slegs die goeie - die goddelike hê - hy wil weer word soos wat hy was in die allereerste begin, My ewebeeld, My kind, wat met My verbonde wil bly tot in alle ewigheid. Amein.

Die navolg van Jesus - Dra julle kruis met geduld **–**

**NO: 7622** Die teken dat julle My volg, is **as julle, julle leed, wat My Liefde julle oplê, geduldig op julle neem**, **sodat julle siele geheel ryp kan word**.

Julle moet steeds in gedagte hou dat Ek julle tot navolging aangemaan het met die woorde: **"neem jul kruis op en volg My na"**. Ek wil julle beslis ook help om julle kruis te dra, maar julle moet nie probeer om dit heeltemal van julle weg te werp nie. Julle moet steeds daaraan dink, dat julle baie ballast van julle siele kwyt sal kan raak, as julle geduldig julle kruis dra. En daarvoor sal Ek julle steeds krag gee, wanneer julle daarom vra. Want Ek is altyd naby aan julle as julle in My navolging op aarde leef. En daar is nie veel meer tyd vir julle nie.

**Julle sal meer leed moet dra**, omdat Ek julle nog op aarde wil help om 'n graad van lig te bereik, wat julle sal laat binnegaan in die geluksaligheid wanneer julle einde aangebreek het. **Maar bly steeds met My verbonde deur werke van liefde, gebed en voortdurende gedagtenis**.

Want dan kan Ek voortdurend in julle nabyheid wees. En dan sal julle verseker die weg kan gaan, selfs wanneer julle 'n klein kruis het om te dra. Maar 'n lewe in gelykmatigheid, in sorgelose rus, sou julle nie tot seën strek nie, tensy julle so buitengewoon liefdadig sou wees, dat die rypingsproses van julle siele reeds met sukses voltrek is.

Julle is egter almal **nog te lou werksaam in liefde** en verwerf daarom te weinig vir julle siel. En die leed moet daarom bydra tot julle reiniging. En dink altyd daaraan watter **onuitspreeklike leed Ek vir julle op My geneem het.**

Julle sou hierdie leed self moes verdra het ter wille van julle sondeskuld en julle sou nie daartoe in staat gewees het nie. Daarom het Ek julle skuld op My geneem en het Ek onuitspreeklik gely, **omdat Ek julle liefhet en die leed vir julle wou dra.** En dan sal julle kruis vir julle klein voorkom. Julle sal dit graag dra, omdat julle My **wil navolg**.

En julle sal beslis deur die poort die ligryk binnegaan, **omdat Ek julle voorafgaan en die poort sal open**, sodat julle geluksalig kan word.

Neem julle kruis op julle. Dit wil sê : Dra geduldig en uit liefde vir My al die leed wat julle belas, maar wat nodig is vir die rypheid van julle siel. **Want eens sal die siel haarself kan verheug in die lig.** Eenmaal sal die kruis, wat haar opgelê was om te dra, nie vir haar swaar voorkom nie. En laat julle My aan julle sy gaan, dan sal Ek julle ook help dra en julle sal die las nie so swaar voel nie.

En Ek is by elkeen wat My in gedagtes aanroep. Ek wag slegs op hierdie oproep, omdat Ek nie teen julle wil in julle werksaam kan wees nie, ondanks My Liefde. Maar Ek laat julle nooit alleen nie. En selfs die kruis, wat julle opgelê is, is 'n bewys van My teenwoordigheid, omdat Ek al die leed van die mensdom op My skouers gelaai het en daarmee die weg na die kruis gegaan het, en **julle daarmee sagkens aanmaan om My na te volg.** Wees dus geduldig, wat daar ookal op julle druk. My Liefde sal julle versterk. My Liefde sal die kruis van julle afneem wanneer die tyd daarvoor aanbreek. Amein.